

# 24

## KERSFEES

### Rolspel

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet iets van Kersfees as Christusfees ervaar deur deel te neem aan die rolspel.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders en ouers moet –

- besef dat Kersfees 'n Christusfees is.
- die geboorteverhaal beter leer ken deur aan die rolspel deel te neem.

##### **Gesindheid**

Die kinders en ouers moet dankbaar wees oor Kersfees se betekenis.

##### **Vaardigheid**

Die kinders en ouers moet –

- aan die rolspel deelneem.
- betrokke raak by die gemeente se Kersfeesbedrywighede.

#### **MEER INLIGTING**

Die rolspel word volledig aangebied by IETS INTERESSANT en kan net so gebruik word.

#### **AANBIEDING**

##### **Jy het nodig**

Alles wat nodig gaan wees vir die rolspel – kyk by IETS INTERESSANT.

## **KOM ONS BEGIN**

Die kategeet of een van die ouers open met gebed.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Verlede week is alle onthou-aktiwiteite vir die jaar afgehandel.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Herinner die kinders daaraan dat dit binnekort Kersfees gaan wees. Met Kersfees herdenk ons die geboorte van Jesus. Verduidelik wat 'n rolspel is en dat julle vandag saam met die ouers die Kersverhaal met 'n rolspel gaan vertel.

### **IETS INTERESSANT**

- Die rolspel duur ongeveer 15-20 minute.
- Die rolspel pas aan by die grootte van die plek en die getal kinders.
- Indien moontlik, verdeel die vertrek vir die verskillende tonele. Die stal kan omring word met wit Kersfeesliggies wat aangeskakel word wanneer die konings en herders inkom.
- Jy het die volgende nodig: (Afhangende van die aantal kinders en die opset, kan van die materiaal aangepas word.)
  - Afdrukke van die tekste aan die einde van hierdie les vir die 5 tonele.
  - 'n Babapop en 'n krip ('n klein mandjie kan gebruik word).
  - 'n Groot wit lap vir die baba.
  - 3 klein skoenhouers, versier as die sterrekykers se geskenke.
  - 'n Klein kussing om Maria swanger te laat lyk.
  - 3 groot stukke karton vir die 3 herberge, of gastehuse, se deure (versier soos verkies).
  - 3 gewone blou ekstragroot T-hemde vir die wyse manne.
  - 4 gewone wit ekstragroot T-hemde vir die engele.
  - 3 of 4 ekstragroot T-hemde in verskillende kleure vir die herders en die verteller.
  - 2 gewone beige of bruin ekstragroot T-hemde vir Josef en Maria.
  - 'n Groot kartonster, in foelie toegedraai.
  - Ander items soos nodig.

### **BY DIE HUIS**

Laat elkeen sy eie prent oor Kersfees gaan teken.

### **AFSLUITING**

- Sluit af deur Kersliedere te sing. As omstandighede dit nie toelaat nie, lees dit net vir hulle voor.

### **Gesang 353: 1**

*Die Heiland is gebore, soos eeue reeds voorspel.  
Daar in die stad van Dawid word Hy Immanuel.  
Met blye hemelkore wil ons ook juig en sing:  
Ons Heiland is gebore – dis Hy wat redding bring!*

### **Gesang 355**

*Al was ek nie daar nie – ek weet dit is waar:  
Die krip en Maria met die Kindjie by haar.  
Dis of ek die engel die boodskap hoor bring  
van Jesus se vrede, wat harte laat sing.*

*Al was ek nie daar nie – ek weet dit is só:  
Die herders en wyses het dit eerste geglo.  
En deur al die jare bou Jesus sy kerk –  
die Gees en die Woord kom geloof in ons werk.*

- Sluit af met gebed.

## 'N ROLSPEL OOR DIE GEBOORTE VAN JESUS

### Toneel 1 (buite die dorp)

**Verteller:** Luister, almal! Keiser Augustus sê dat al die mense in die land getel moet word. Laat dit aan almal bekend word!

*(Josef en die swanger Maria kom in.)*

**Josef:** Maria, ek weet jy is swanger, maar ons moet Betlehem toe gaan vir die tellery.

**Maria:** Ja, Josef. Ek weet die Here sal ons beskerm.

*(Josef en Maria pak en begin hul reis na Betlehem.)*

### Toneel 2 (Betlehem)

*(Herbergiers staan agter deure. Josef en Maria loop na die eerste herberg en klop aan die deur.)*

**1ste herbergier:** Ja, ek kom.

**Josef:** Ons is al vir 'n lang tyd op reis, het jy 'n kamer vir ons?

**1ste herbergier:** Ek is baie jammer, maar daar is geen plek meer nie. Probeer langsaan.

*(Josef en Maria loop oor na die volgende herberg, en klop aan die deur.)*

**2de herbergier:** Ek is so jammer, maar ons het familie wat by ons bly. Probeer langsaan.

*(Josef en Maria loop na die volgende herberg en klop aan die deur.)*

**3de herbergier:** Nee, ek het ook nie plek vir julle nie. *(Hy kyk met deernis na Maria.)* Maar ek kan sien dat julle baie moeg is. As julle wil, kan julle my stal gebruik. Dit is onderdak, en die diere sal nie pla nie.

**Josef:** Baie dankie, my vrou moet rus. Die stal sal goed wees.

**3de herbergier:** Kom saam met my.

*(Die herbergier stap eenkant en lei Josef en Maria na die stal. Die ander herbergiers gaan uit.)*

### Toneel 3 (binne die stal)

*(Josef help Maria om op die vloer te sit, en begin om slaapplek gereed te kry.)*

**Josef:** Ek weet God is met ons. Dit is veel beter om hier te slaap as buite.

**Maria:** Josef, ek voel nie lekker nie. Ek is moeg en ek dink dit is tyd vir die baba om gebore te word.

**Josef:** Maria, lê hier op die strooi. Dit sal nie meer lank wees nie.

#### **Toneel 4 (buite in die veld)**

**Verteller:** Die skaapwagters het die nag hul skape opgepas toe daar skielik 'n engel voor hulle verskyn. *(Die engel kom in. Terwyl die engel praat, maak Maria die baba, Jesus, toe met die lap en lê Hom in die krip neer.)*

**Engel 1:** Kyk, ek bring goeie nuus van groot vreugde. Vandag is die Verlosser gebore, Christus die Here. En dit is die teken: Julle sal 'n baba vind wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê. *(Ander engele kom in.)*

**Engel 2:** Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir alle mense.

**Skaapwagter 1:** Kom ons gaan na Betlehem om te sien wat die Here vir ons vertel het.

**Skaapwagter 2:** Loof die Here vir die goeie nuus. Kom, dit is 'n lang reis.

**Verteller:** En so het die herders na Betlehem gegaan om die Kind te gaan soek.

*('n Kort pouse.)*

**Verteller:** Daar was ook 3 sterrekykers wat 'n vreemde ster gevolg het. *(Die sterrekykers kom in. Die ster word agter die krip gewys.)*

**1ste sterrekyker:** *(Hy wys na die ster.)* Kyk, 'n ster. Kyk hoe helder is dit!

**2de sterrekyker:** *(Hy kyk na die ster.)* Dit is die teken. Die Koning van die Jode is gebore!

**3de sterrekyker:** Laat ons gaan en Hom aanbid. Ons moet vir Hom geskenke vat.

**1ste sterrekyker:** Ek weet wat ek Hom kan gee. Ek sal vir Hom goud gee.

**2de sterrekyker:** My geskenk is spesiaal. Ek gaan vir Hom mirre gee.

**3de sterrekyker:** Ek gaan vir hom wierook gee.

*(Die sterrekykers neem hul geskenke en loop na die stal. Maria neem die Kind en hou Hom in haar arms.)*

#### **Toneel 5 (binne die stal)**

**Verteller:** En so het die sterrekykers die Kind gevind. Hulle het die geskenke vir Josef gegee en neergebuig.

*(Die sterrekykers kyk na die baba en buig voor hom neer. Die engele kom in.)*

**Engel 3:** Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde onder alle mense!